
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die Party-politiek word VERDEEL deur punte van verskil tussen Afrikaners te beklemtoon.*




*In die Ossewabrandwag word VERENIG deur punte van ooreenkoms tussen Afrikaners te beklemtoon.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 2 SEPTEMBER 1942. No. 43.

# „Tussen O.B. en Smuts Lê Die Skaduwee Van die Revolusie" — Dr. Van Rensburg

## Voorspelling dat Demokrate Sal Verenig

**'n Toenadering tussen dr. Malan en genl. Smuts voor die eindkrisis, is verlede Donderdagaand deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, op Stellenbosch voorspel. Hy het beklemtoon dat hulle albei saam vir die demokrasie en albei saam teen die Ossewabrandwag veg en mekaar dus vorentoe moet ontmoet.**

Die vergadering was een van die skitterendste demonstrasies van geesdrif en vertroue wat nog deur die Kommandant-generaal toegespreek is. Meer as tweeduisend het na die besielende redes van die twee leiers geluister. Voor die byeenkoms het etlike honderde studente in wit en blou met vaandels en tamboere deur die strate gestap en die saluut van die Kommandant-generaal ontvang.

Dr. Van Rensburg het daarop gewys hoe die partystelsel uit die aard van die saak volksverdeeldheid in die hand moet werk omdat die wese en kern van die parlement die aksie en reaksie tussen Regering en Opposisie is, d.w.s. Regeringsparty en Opposisieparty albei tot die tande georganiseerd om mekaar te beveg. Die ideaal is dan ook glo 'n „sterk opposisie" wat 'n mooi naam is vir 'n „swak regering". Hulle — die georganiseerde mag — moet mekaar skaakmat hou terwyl die ware mag, nl. die geldmag en sy pers die deurslag gee.

Die parlementarisme en die partystelsel is die historiese en logiese toppunt van die demokrasie, het hy voorts gesê. Daarom is die Ossewabrandwag, wat glo in die organiese nasionalisme, die bande van bloed en taal en herkoms, ten enemale sat vir die demokrasie wat ons Volk in verdeeldheid, onmag en armblankedom gedompel het.

Maar nou is die ironie juis dat die partygangers wat ons so hand en tand beveg blind bly vir hul onderlinge gemeenskaplikheid. Dr. Malan en sy trawante probeer die volk wysmaak dat ons met die Imperiale demokrate skakel. Hoewel ons die demokrasie saam met die imperialisme verwerp, terwyl hulle die demokrasie sluk en die Imperialiste met rus laat om ons te beveg in die naam van die demokrasie.

**Tussen die lewensbeskouing van die Ossewabrandwag en dié van genl. Smuts is elke brug verbrand en verbreek. Maar dr. Malan en sy trawante het geen bruggens verbrand of verbreek nie. Hulle het nog nie eens die rivier oorgesteek nie. Hulle glo nog in dieselfde stelsel as ons vyande, in die partystelsel, die demokrasie.**

Voorspellings is altyd gewaagd. Maar logiese (en ook psigologiese) gevolgtrekkings is veroorloofd in die lewe. En in aansien van die koers wat ons demokratiese partyvriende ingeslaan het in hierdie „stryd om die ordes", hierdie doodstryd van die demokrasie, wil ek vanaand hier op Stellenbosch 'n voorspelling waag. Van hierdie selfde verhoog af, 'n jaar gelede, het dr. Malan u vertel dat ek met genl. Smuts skakel. En van hierdie selfde verhoog, 'n jaar later, wil ek nie net dit verwerp maar ook voorspel dat **net soos die vrugteloosheid van skakelsoekery tussen die anti-demokratiese Ossewabrandwag en genl. Smuts vir enige nugtere mens duidelik is, net so groei die waarskynlikheid dat dr. Malan en genl. Smuts voor die eindkrisis baie nader aanmekaar sal staan as wat hulle vandag voorgee te wees.**

### „PLEIDOOI VIR OORLOG"

Want demokrate hoort nou eenmaal bymekaar, veral as die nuwe tyd begin aanbreek — die ondemokratiese tyd. Of dit nou die demokrate om genl. Smuts is, of die demokrate om dr. Malan, oor ses maande is hulle nader aanmekaar as vandag. En dat hulle selfs vandag nie onoorbrugbaar geskei is nie, blyk uit een van dr. Malan se trawante se toesprake. Adv. J. G. Strydom het by die Jeugkongres van sy party 'n loflied aangehef op die demokrasie, 'n loflied wat selfs so 'n Imperialistiese koerant soos die „Star" se goedkeuring afgedwing het. Die „Star", wie se venyn teen die Afrikanerdom en Republiek terdeë bekend is, sê op 3 Augustus (bl. 7) dat die **toespraak van adv. Strydom kan beskou word as 'n kragtige pleidooi vir die oorlog wat nou deur Suid-Afrika en die Verenigde Volkere gevoer word vir die behoud van die demokrasie.** Die „Star" dus, sien in adv. Strydom 'n kragtige pleitbesorger vir die stryd van die „United Nations", dus van die Imperialistiese Brittanje, die Kapitalistiese Amerika en die Kommunistiese Rusland. En dan sê adv. Strydom dat **ons** skakel met die vyand! Terwyl die „Friend" gesê het dat genl. Smuts dit nie beter kon gestel het nie. En dit sê veel!

En nog 'n blyk van potensiële bondgenootskap straal uit die gesegde van minister Hofmeyr dat die Regering nie die hoofde van die Ossewabrandwag wil arresteer nie omdat dit onnodiglik martelare van ons sou maak, **terwyl die Ossewabrandwag tog deur dr. Malan ondermyn en doodgemaak word.** Ek is bly oor twee dinge: eerstens oor die openhartige erkenning van die spreker en tweedens oor die teleurstelling wat beide sy Majesteit se Minister Hofmeyr en die Leier van sy Majesteit se Opposisie wag. Want doodkry is min in die Ossewabrandwag.

In Noord-Rhodesië (Lusaka) is 'n Hoofkommandant van die O.B. in 'n Imperiale hof gestraf met aanhaling deur die Prokureur-generaal van dr. Malan se Paarlse toespraak teen die S.J.'s en beweerde rebellie-planne van die O.B.

Die Johannes van der Walt-verklaring wat deur die Leier van sy Majesteit se Opposisie oorhandig is aan sy Majesteit se Minister van Justisie, waarin 'n O.B.-offisier van aanstigting tot moord beskuldig word, is 'n ander voorbeeld. En daar is talle andere. Hulle het onderlinge geskille, maar teen die Ossewabrandwag veg hulle saam. Hoe kan dit ook anders as die demokrate hul tyd deurbring met onafgebroke aanvalle op die Ossewabrandwag i.p.v. op die Empire. Dag in en dag uit maak hulle die bitsigste en byna histeriese aanvalle op die O.B. — saam met die Truth Legion en die Jingo's en as hulle saamveg kan hulle onmoontlik van mekaar bly.

### VIR DIE AFRIKANERDOM

In hierdie verband het iemand my aandag bepaal by 'n histeriese skeldartikel in Die Transvaler van die 12de deser, waarin hulle van Judas-loon en National Scouts skel. Dit is 'n rabiate ontboeseming en my vriend wou hê dat ek die artikel moet wraak. Ek dank hom vir sy konsiderasie, maar ek meen dat hy die saak se erns oorskat. Dit is maar net die laaste stuiptrekkings van 'n mislukte joernalis.

Ek gaan derhalwe liewer oor na minder onaangename sake.

Laat my die Ossewabrandwag se houding weer hier gee: Ons ken geen ander aardse trou as die Afrikanervolk nie. **Ons veg nie vir die Empire nie, nòg vir die parlementêre stelsel, nòg vir die demokrasie. Ons veg vir die Afrikanerdom. En as die Empire — ons erfvyand — die demokrasie gebruik as wapen om die Afrikaner-**

(Vervolg op bls. 2)




## Tussen O.B. en Smuts lê die Skaduwee . . . .

(Vervolg van bls. 1)

**dom mee te verdeel, dan sien ons liewer dat die demokrasie saam met die Empire in stukke geslaan word** deur die idees en magte wat staan vir die organiese volk en vir volksbelang voor eiebelang.

Maar die partyleiers begin al die lof van die Empire-pers inoes — en albei van hulle beveg die Ossewabrandwag. Daarom sê ek dat dr. Malan en sy trawante voor die eindkrisis baie nader aan genl. Smuts sal staan as vandag.

**Want tussen die Ossewabrandwag en genl. Smuts lê die onoorbrugbare kloof wat lê tussen die nuwe tyd en die ou parlementêre tyd — tussen ons lê die skadu van die Revolusie van die 20ste Eeu. Maar tussen dr. Malan en genl. Smuts lê die klofie wat in alle parlementêre state is — naamlik die klofie tussen Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie. En dit is maar 'n hanetree!**

MOET KIES

Nee, in 'n direkte botsing het mens nie 'n veelvoud van keuses nie. Mens is óf die hamer of die aambeeld. Alles wat daartussen lê word uitmekaar geslaan. **En in hierdie oorlog is die hamer en die aambeeld die nuwe nasionale Eenheidsgedagte aan die een kant en die ou demokratiese partystelsel aan die ander kant.** Aan die een kant staan die nuwe Europa, aan die ander kant staan die Empire, met die kapitalistiese Amerika en die kommunistiese Rusland. Ook in Suid-Afrika moet dit uitgeveg word. **Aan die een kant staan die nuwe Afrikanerdom in die Ossewabrandwag; aan die ander kant die demokrasie, die parlementêre partystelsel, verdedig nie net deur partypolitici nie, maar veral deur die staatsgeweld, tesame met gekleurde en swarte soldate, Amerikaners en alles wat vreemd is.**

En as dr. Malan voor die eindkrisis nie nader aan genl. Smuts wil staan nie, dan is daar net een koers vir hom oop, naamlik nader aan die Ossewabrandwag. Dalk sal hulle met hul September-kongres die noodlottige pad sien wat hulle nou bewandel en liewer terugswaai. Hulle het reeds ons organisasie-stelsel probeer aanneem, en die witrokke en die erewagte en wat dies meer sy. **Nou moet hulle in September nog net ons dragende gedagte beaam van 'n Christelik-nasionale gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, met openlike en ruiterlike erkenning dat bloed nie net dikker as water, maar ook swaarder as 'n stembriefie is; dat 'n Afrikaner wat verkeerd stem darem nader aan ons staan as 'n Jood wat reg stem; en dat ons ook openlik en ruiterlik die verwesenliking van ons Republiek alleenlik in die ondergang van die Empire sien.**

As die H.N.P.-leiers in Septembermaand ook hierdie insigte van die Ossewabrandwag aanvaar, dan sal hulle weer die pad vind weg-lei van die Empire af.

Dit is die Pad van Suid-Afrika en hulle moenie verwag om net die H.N.P. daarop te vind nie. **Dié pad is nie 'n soort van wandelende partykongres nie. Want die Pad van Suid-Afrika is nie 'n privaatpad van een of ander party nie en ook nie van die Ossewabrandwag nie. Daarop marsjeer die Brandwagte wel, maar as ander saam marsjeer, of hulle nou binne of buite die O.B. of H.N.P. of die Afrikanerparty, of die Nuwe Orde-groep, of wat ook al staan — as ander saam marsjeer dan is ons bly en dankbaar en ons gaan niemand van die pad afskop of afskinder nie. Solank hul net die rug gedraai het op die Empire en die gesig na die Republiek.**

Want ons kyk vorentoe en ons stryk vorentoe na die Christelike Eenheidstaat van die Afrikanerdom, die Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard.

Daarvoor stry die Ossewabrandwag vandag en daarvoor bring hy offers en sal hy hulle bring tot die einde toe.

Die toespraak van genl. J. A. Smith verskyn volgende week.

## „ADV. STRYDOM DOEN DIT BETER AS GENL. SMUTS"

In Johannesburg het adv. J. G. Strydom, mede-leier van die Party in Transvaal, kort gelede 'n heftige pleidooi vir die demokrasie gelewer. So goed het hy hom van sy taak gekwyt dat die Empire-blad The Friend hom lof toeswaai en ruiterlik erken dat **„selfs generaal Smuts nie veel beter kon gedoen het nie"!** Die Engelse blad skryf: „As ons teen die leerstellings wat deur dr. Van Rensburg en adv. Pirow verkondig word, te velde moes trek, glo ons nie ons sou dit sterker en pittiger gestel het as wat mnr. Strydom dit gedoen het nie."

Die blad voer egter adv. Strydom se pleidooi tot sy volle konsekwensie en verklaar **dat indien adv. Strydom bevrees is vir 'n diktatorskap wat vreemd is aan sy eie ideale, hy dit net op een manier kan voorkom, en dit is om daarteen te gaan veg!**

**Ons kan ook nie sien hoe iemand pleidooie lewer vir die demokrasie en terwille van die demokrasie teen sy mede-Afrikaners oorlogvoer, maar darem weier om die wapen vir daardie demokrasie op te neem nie.**

Die Volksblad sou miskien kan sê hulle verskil **politiek** van die Regering, maar nie wat **beleid** betref nie!


SPOORBONDKAS BEPERK sê VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal
„B"-AANDELE
5% kumulatiewe voorkeuraandele
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.

*Stuur navraagvorm onmiddellik.*

*Navraagvorm.*

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk, Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,

Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.

Die uwe,

Volle naam ....................................

..................................................

Adres ..........................................

..................................................



W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie,*
*Sleepwaens,*
*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.



KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhde gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**


## PENKOPPE GLO AAN DIE DAAD

Veldkt. D. J. Botma van Ceres se Jeugfront berig dat daar nog dertig Penkoppe op Ceres is. Baie kinders wil graag lid wees, maar hul ouers is daarteen gekant. Hierdie Penkoppe het op 29 Julie elkeen ses pennies ontvang om mee te woeker. Op 8 Augustus is 'n pennielegging gehou. Die woorde O.B. is uitgespel en hierdie dertig lede was verantwoordelik vir 480 pennies, wat baie goed is vir die kort tydjie.

Van Vlakteplaats-Spoor, distrik Oudtshoorn, skryf Marthie Meijer dat sy ook geïnspireer is deur die offervaardigheid van Penkoppe. Sy het toe met 'n trippens begin woeker deur konfyt te kook en die bottel vir 1/3 te verkoop. Vervolgens het sy suiker gekoop en waatlemoenstukke gekook en aan die jukskeispelers verkoop. Dit het 10/- opgebring, wat sy aanstuur ten behoewe van die Noodhulpfonds.

Die Ossewabrandwag voel waarlik trots op sy penkoppe. Ook hulle glo aan die daad.


Schoemannello-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 13/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

# *Verdere Blyke van Groot Geesdrif Uit Alle Dele van die Land*

**Dat die Ossewabrandwag nie net in die groter plekke nie maar ook oral op die platteland sterk staan en daarby blyke gegee het van die grootste geesdrif en offervaardigheid op 8 Augustus, word bewys deur die verslae wat ons nog weer van verskeie plekke bereik het. Weens gebrek aan ruimte kan ons ongelukkig nie volledige publikasie gee aan ingesonde verslae nie.**

In 'n vorige oorsig het ons gemeld dat die generaalskap van Oudtshoorn die £500-merk oorskry het. **Dit blyk nou dat hierdie generaalskap die bedrag van £640 ingesamel en gestort het. Upington se generaalskap het £822 inbetaal waaronder £150 wat deur 'n kommando van Suidwes-Afrika bygedra is.**

Hoewel Port Elizabeth deur verdonkering gestrem is en opgesaal sit met honderde werklose vir wie gesorg moet word, het hulle meer as £100 vir Fondsdag ingesamel. Daar word vertel van 'n werklose wat so begerig was om sy deel by te dra dat hy £1 gaan leen het om op die funksie te spandeer en hy het ook geen moeite gehad om dit geleen te kry nie!

Kirkwood-kommando se bydrae was £100, Calvinia £52, Tarkastad £84, Beaufort-Wes £117, Malmesbury £100, terwyl Worcester se kommando met sy basaar £150 opgelewer het en met sy straatkollekte ten behoewe van die Noodhulpfonds £40-7-2. **Die kommandante verklaar in haar verslag dat sy baie jare nou betrokke was by Partybasaars, maar dat sy nog nooit so 'n geesdrif ondervind het as op hierdie basaar nie.**

VRYSTAAT

Ook in die Vrystaat het dit verrassend goed gegaan en die aanduiding is dat dit in hierdie Provinsie verby is met partypolitiek. Reitz het 'n groot fees gehad waarop £250 ingebring is vergeleke met £310 op 13 Augustus verlede jaar — d.w.s. net voor die skeuring. Op Fouriesburg is £160 ingesamel terwyl 'n week tevore die Party glo nie eens £4 op 'n basaar byeen kon kry nie toe vier Parlementslede 'n sestigtal partygesindes toegespreek het.

Op Bethlehem was so 'n pratige fees dat Die Volksblad nie kon help om 'n mooi verslaggie daarvan te maak nie, maar sonder vermelding dat dit 'n Ossewabrandwagfees was! Volgens hierdie verslag was daar 'n optog van ossewaens met die geskiedkundige verewaentjie van mnr. Dolf Serfontein vooraan. Die opbrengs was £130.

Bethal (Transvaal) het ook 'n mooi fees gehad hoewel die weer so onstuimig was dat daar nie vleis gebraai kon word nie. Hulle is toegespreek deur genl. J. G. Opperman en hoofkomdt. H. Snyman. Die opbrengs was £45-14-4

Grikwaland-Oos se kommando's, hoewel uitgestrek, het die dag ook met groot welslae herdenk. Hulle is toegespreek deur genl. Thos. Pienaar terwyl die godsdiens gelei is deur ds. W. C. de Swardt. Die bedrag van £200 is ingesamel, **waarvan £47 die opbrengs is uit £2 wat vir woekering onder die vroue uitgedeel is.**

Op Ceres was ongeveer 500 mense teenwoordig en so groot was die geesdrif dat 'n hoender per veiling vir soveel as £1-10-0 verkoop is! Die godsdiensoefening is gelei deur genl. ds. J. A. Pienaar, en die verrigtings deur hoofkomdt. J. B. Zulch. Aanvanklik is £243 aangekondig as die opbrengs van die aand, maar die kommando was nie daarmee tevrede nie, en vrywillige bydraes het tot die Maandag nog ingekom wat die totale bedrag tot op £300 te staan gebring het.

Grikwastad het ondanks teenorganisasie van partykant die bedrag van £56-17-5 ingesamel

## K.G. SE WAARDERING VIR STELLENBOSSE STUDENTE

Deur hierdie kanaal wil ek namens die Ossewabrandwag my warme dank en waardering uitspreek weens die indrukwekkende opmars van die Stellenbosse studente-kommando's, dames sowel as mans.

Die plan was 'n inspirasie en die uitvoering was sonder 'n enkele fout of tekortkoming.

Ek kan alle geledere verseker dat die aanblik van die voorwaartsmarsjerende Ossewabrandwag met die tamboer en vaandels vooraan vir elke toeskouer 'n besieling was van ,,Toekomsmusiek''!


U het 'n stukkie O.B.-geskiedenis in die Eikestad gemaak en een en almal het u die dank en erkentlikheid van die Beweging ten volle verdien!

J. F. VAN RENSBURG.

29 Aug. 1942.


SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:
Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

105 Takke 40,000 Lede AVBOB Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE



REG VIR 'N GROTE!
Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf en ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie, maar ook vir die TOEKOMS.
'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'n SANLAM-Polis.
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

Ons Posbestelling-Afdeling
Beweeg daeliks.
Om uself te oortuig
Bestel van ons
K.M.B.
Silva Mans- en Seunsuitrusters
Fluweel Rybroeke £4-15/-
Bestel vroegtydig
Voorrade Beperk
Stuur u mate
So pas ontvang 'n pragtige reeks Somerpakke; kom koop vroegtydig. Voorrade baie beperk.
TOT U DIENS!
SILVA (Edms.) Bpk.
ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA

DIE O.B., WOENSDAG, 2 SEPT. 1942

# Engheid Verbaas oor Eenheid.

Geskoold in die Britse partypolitieke metodes met sy wapen van verdeel en heers probeer Die Burger gedurig maar verskille tussen die onderskeie O.B.-leiers op te spoor wat dan moet dien as 'n wig om in die O.B. se geledere in te dryf. En bederf deur die praktyke van sy eie partyleiding om almal wat nie honderd persent op elke punt saamstem nie uit te skop en te laat afskilfer, is dit vir hierdie blad te wonderlik dat daar eenheid binne die O.B. kan bestaan ondanks die feit dat daar oënskynlik variasies van mening tussen die verskillende leiers bestaan. Ons sê oënskynlik, want dit is alleen iemand wat met 'n vergrootglas gedurigdeur besig is om verskille te soek wat in sy wensdenkery die verskillende beklemtonings van die O.B. se beleid as verskille sal vertolk.

Die Burger het dit eintlik oor die feit dat die Kommandant-generaal gesê het dat ons Republiek afhanklik is van 'n Duitse oorwinning, terwyl genl. Smith en Die O.B. weer beklemtoon het dat die O.B. geen metode verwerp nie, maar die volk so wil voorberei dat enige metode aangegryp kan word tot vrymaking. Geen enkele O.B.-lid kon totsover hierin enige verskil van mening ontdek nie om die eenvoudige rede dat daar geen verskil bestaan nie. Die K.G. beklemtoon eenvoudig die standpunt van die O.B. wat herhaalde maal deur ons almal al geopper is, naamlik dat ons nie meer in die stembus glo nie. Dit is werklik waar 'n algemene geloof van die Ossewabrandwag dat daar geen heil te wagte is van enige verkiesing om die Republiek te besorg nie. Trouens, as ons hierdie geloof nie gedeel het nie, sou daar geen rede bestaan het vir die Ossewabrandwag as volksbeweging nie.

**Maar die feit dat ons GLO dat die stembus nie die Republiek sal bring nie, beteken nog nie dat ons nou 'n eed geneem het om nooit weer te gaan stem,** soos Die Burger wil voorgee wanneer hy verklaar dat ons al ons geld net op een perd, naamlik 'n Duitse oorwinning, verwed nie. Tegelykertyd betwyfel ons nie dat dit 'n uitstekende perd is nie. 'n Week of wat gelede nog het generaal Smith in teenwoordigheid van die K.G. in Kaapstad van die verhoog af beklemtoon **dat ons nie meer aan kruisies maak glo nie, maar as daar tog kruisies gemaak MOET word om die Republiek te verkry, sal hy hiervandaan tot in Pretoria loop en kruisies trek, en op Malmesbury het dr. Van Rensburg dit ook self gesê,** volgens Die Burger se verslag. Ons sluit dit nie as 'n boosheid uit nie, maar beklemtoon slegs dat ons daarin geen geloof meer het nie en liewer ons wil toespits op die metodes waar ons in glo — in teenstelling met die partyleiding wat by monde van sy hoofsekretaris bedank het vir 'n republiek wat nie juis deur middel van die stembus verkry kan word nie.

**Ruimer**

Die O.B. het dus 'n ruime standpunt wat geen metode uitsluit nie, net, soos hy ook 'n ruime standpunt ten opsigte van volkseenheid het. Waar die Party daarna streef om elke Afrikaner uit te skop wat nie ,,rotsvas'' staan en blindelings amen sê op alles wat die ,,volksleier'' te sê het nie, **daar erken die O.B. dat binne 'n volk van meer as 'n miljoen siele daar ook wel onderlinge verskil van mening tussen die volksgenote moet bestaan, maar daardie verskil van mening is nog geen oorsaak vir die uitwerping van 'n volksgenoot as 'n skilfer nie.**

Die Partyleiding het juis aan die O.B .oorlog verklaar omdat dr. Van Rensburg beklemtoon het dat alle Afrikaners, ook Nasionaal-sosialiste, binne die O.B. welkom is, en hoewel die Party op daardie tydstip nog met die Nasionaal-sosialiste in sy skoot gesit het, en die uitlating van die K.G. verkeerdelik as 'n ,,afrokkeling'' van die Nasionaal-sosialiste vertolk

(Vervolg in volgende kolom.)

# Partypolitieke Wapen en ,,Kruisies Maak''

In die H.N.P.-pers en deur H.N.P.-politici word herhaaldelik vergelykings gemaak tussen Hitler wat ,,hom in die demokratiese Duitsland op die partypolitieke wapen en op ,kruisies maak' verlaat het om sy doel te bereik'' (Die Burger 20 Aug. 1942) en Afrikanerleiers soos Hertzog, Van Rensburg en Pirow wat alle vertroue in die Brits-Joodse partypolitieke wapen om Afrikanerideale te verwesenlik, verloor het. As vergelykings gemaak word dan moet hulle volledig en juis wees anders is die gevolgtrekkings misleidend, verwarrend en vals.

In hul vergelykings verswyg die here partypolitici die volgende kardinale punte:

**1. Die partypolitiek, selfs in die demokratiese Duitsland voor 1933, het in Adolf Hitler sy grootste vyand.**

2. Die partypolitieke wapen en ,,kruisies maak'' waarvan Hitler gebruik gemaak het, verskil hemelsbreed van die partypolitieke wapen en ,,kruisies maak'' van die Britse stelsel waarvan politieke partye hier te lande, dus ook die H.N.P., sulke getroue nabootsings is.

3. Hitler het te doen gehad met 'n homogene volk, d.w.s. net met Duitsers wat hy tot sy standpunt moes oortuig, terwyl die H.N.P. te doen het met 'n gemengde bevolking (Afrikaners, Britte, Jode, kleurlinge, Indiërs en naturelle) waarvan selfs die Afrikanerdom verdeeld is en die meerderheid waarskynlik nie tot die H.N.P. behoort nie.

4. Hitler het sy ,,partypolitieke wapen en kruisies maak'' gebruik in 'n normale tyd van wêreldvrede. **Die H.N.P. wil sy partypolitieke wapen gebruik in 'n tyd van wêreldoorlog en wêreldrevolusie waar dit juis gaan oor die voortbestaan of vernietiging van die Britse partypolitieke stelsel, d.w.s. die wapen van die H.N.P.**

5. Hitler het van die begin af tot die Duitse volk gekom met 'n opbouende, inspirerende en revolusionêre program en nie met die karikatuur van Nasionaal-sosialisme wat Keeromstraat en Volksleiers aan die Afrikanerdom voorhang nie. Die huidige H.N.P. aan die ander kant het nie alleen nie 'n program wat daarin geslaag het om die hele Afrikanerdom in hierdie kritieke tyd te inspireer en heg saam te snoer nie, maar ook in sy program van aksie is daar soveel wat ultimatums aan volksgenote en die beklemtoning van onwesentlike Afrikanergeskille bevat dat 'n geïnspireerde en saamgesnoerde Afrikanerdom langs hierdie weg nie tot stand kan kom nie. In seldsame selfoorskatting en deur onbegryplike politieke kortsigtigheid het die H.N.P. sy beste wapen, die O.B., die volksbeweging wat werklik kan inspireer en saamsnoer, van hom vervreemd.

Met sy partypolitieke wapen en ,,kruisies maak'' het die H.N.P. vandag nie die minste kans om aan die bewind te kom en nog minder om 'n ,,Boererepubliek'' uit te roep nie. Onder die druk van oorlogsgebeure is samesmelting tussen die H.N.P. en veldm. Smuts se party of 'n deel van daardie party wel nie uitgeslote nie. Gemeenskaplike vyandskap teen die O.B. en die revolusionêre idees van die 20ste eeu sal sonder twyfel die twee demokratiese partye nader aan mekaar bring. Dit is selfs moontlik dat 'n soort van Suid-Afrikaanse republiek uit hierdie samesmelting gebore kan word. **Dit sal egter alleen gebeur as die partypolitieke wapen en die ,,kruisies maak'', soos ons dit vandag ken, nie in die revolusie van die 20ste eeu te gronde gaan nie.**

## OMRUILING VAN MAGISTRATE

**In die loop van sy toespraak te Stellenbosch het die K.G. verwys na die omruiling van magistrate wat die Regering laat plaasvind het in die hoogverraadsaak en gesê: ,,Sonder refleksie op die nuwe magistraat wie se opregtheid ek nie in twyfel wil trek nie, moet ek verklaar, dat ons met volslae wantroue in die Regering daarin 'n baie sinistere implikasie sien sover dit die Regering betref. Wat sal u daarvan dink as 'n voetbalspan in die helfte van die wedstryd met skiedsregters wil verwissel net omdat die spel nie na sy sin verloop nie?''**

(Vervolg van voorgaande kolom)

het, het die Partyleier tog dit as genoeg rede beskou om die O.B. te verwerp as Nasionaal-sosialisties.

**Ons standpunt is dat die hele Afrikanervolk met sy swakhede en met sy sterkhede, dus ook met sy verskillende opvattings, een geheel uitmaak en as een geheel behandel moet word. Dit is slegs in 'n tirannie waar daar geen verskil van mening toegelaat word nie, soos by voorbeeld in Rusland of in die H.N.P.**

**In die Ossewabrandwag daarenteen word die GROTER eenheid nagestreef deur beklemtoning van die OOREENKOMS tussen volksgenote en nie verdeeldheid nagestreef deur die beklemtoning van die VERSKILLE nie, soos in die partypolitiek, en meer in besonder in die H.N.P.**

Om die Afrikanervolk dus te probeer verdeel deur verskille tussen leiers op te diep en te voorskyn te tower, is 'n metode wat alleen sukses kan hê binne die H.N.P. — hoewel ons so 'n weersin in hierdie Britse metode het dat ons nog steeds geweier het om daarvan gebruik te maak teen die politici. Teen 'n volksbeweging soos die Ossewabrandwag waar (in beginsel) die **groter volkseenheid raakgesien** en die **kleinere verskille** tussen volksgenote onderling **verdra word,** sal hierdie wapen geen inslag vind nie. Die Burger kan dus met groter vrug hierdie wapen teen die Empire-vyande probeer en hom liefs maar die ruimte spaar om dit teen die O.B. in beoefening te bring.

## 60 MYL MET DONKIEKAR IN BELANG VAN VOLK GERY

As van die Ossewabrandwag gepraat word as die aktiewe deel van die Afrikanerdom, is dit nie holle woorde nie. Ons het telkens reeds melding gemaak van groot offervaardigheid aan die kant van O.B.-lede, b.v. waar so ver as 20 myl na 'n vergadering gestap word, ens. Die jongste voorbeeld is van 'n O.B.-vrou in Calvinia wat sestig myl met 'n donkiekarretjie afgery het om met die oog op 8 Augustus te kollekteer! Sy is woonagtig in een van die dunbevolkte streke en wou haar deel bydra. Dit gaan daar egter so moeilik met plaasarbeid dat sy elke dag eers haar man moet help om die ploegdiere in te span sodat hy kan gaan ploeg. **Sy wou hom toe nie toelaat om die motor te neem en te gaan nie, want, sê sy, hy moet aangaan met die werk op die plaas. Sy neem toe die donkiekar en met haar klein seuntjie van 'n paar jaar oud het sy in die wapad geval en oor die verlate vlaktes dag aan dag gery en nie minder nie as 60 myl afgelê!** Die hele omgewing daarlangs is maar behoeftig, dog sy het by almal aangegaan en die bedrag van £2-4-6 byeengebring.

'n Beweging wat uit mense met hierdie geesdrif bestaan, kan mos nie vernietig word met politieke aantygings dat hy 'n republiek met geweld wil verkry nie.

## GESKREEU TEEN BLOED

As 'n mens die politici hoor te kere gaan teen bloed en geweld sou 'n mens sweer dat daar nog nooit 'n druppel bloed vir ons vryheid gestort of 'n skoot daarvoor geskiet is nie. Dan sou 'n mens ook moet aanneem dat Jopie Fourie se bloed nie die nasionale boompie benat het nie, maar dit verskroei het.

Hierdie mense is besig om van hul eie geskiedenis 'n klug te maak.

## 25 BEDANK UIT PARTY

Mnr. J. C. C. Stapelberg het ons die name van 25 lede van die H.N.P.-tak Sheepmoor gestuur wat die Party bedank het. Hy skryf: ,,Ons is sat vir die politiek en staan heg by die O.B. en sy beleid.''

# *Eerste Studiestuk Vir Dienslaers: Afrikanervolk se Toekomsbeleid*

## (D.L. 1/42)

**Onderstaande studiestuk is die eerste wat deur die O.B. se voorligtingsdiens aan Dienslaers vir studie beskikbaar gestel word, soos aangekondig in ons uitgawe van 15 Julie. Daar sal minstens eenmaal per maand so 'n stuk verskyn.**

### „DIE OSSEWABRANDWAG: VANWAAR EN WAARHEEN"

Die grondslae van die volksbeleid van die Ossewabrandwag word vasgelê in die manifes wat ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, op 20 April 1942 op gesag van die Grootraad uitgereik het. Hierna, in Julie, het ons Kommandant-generaal toe op gesag van die Grootraad 'n verdere uitbouing van die volksbeleid die lig laat sien. Dit was die brosjure „Die Ossewabrandwag: Vanwaar en Waarheen".

Omdat die inhoud van hierdie brosjure as grondslag sal dien vir die besprekings in O.B.-dienslaers, sal ons by hierdie eerste bespreking, wat van die Hoofkantoor uit ingelei word, kortliks op die vernaamste kenmerke van sy inhoud let. In verdere besprekings sal die verskillende punte meer in besonderhede behandel word.

Dit moet goed begryp word dat die brosjure nie 'n program van beginsels is soos dié waarmee ons volk so dikwels onder die party-politieke stelsel kennis maak nie, en wat gewysig of verwater kan word na gelang van die aantal stemme wat moontlik daardeur gevang kan word. Die brosjure „Die Ossewabrandwag: Vanwaar en Waarheen" is die geloofsbelydenis en voorlopige taakstelling van 'n volk wat, verjong na siel en liggaam, vasberade voortmarsjeer na sy bestemming, t.w. 'n onafhanklike Republikeinse Volkstaat wat nie alleen in alle opsigte vry sal wees nie maar waarin elke volksgenoot weer met 'n nuwe en onvervalste waardering van die lewe besiel sal wees en op 'n menswaardige welstand aanspraak sal kan maak. Ons strewe is dus nie slegs na 'n bevryding na buite nie, maar ook na 'n innerlike bevryding van die kanker van die liberalisme en kapitalisme.

Die Ossewabrandwag is daarvan oortuig dat die heil van die Afrikanervolk nie te vinde sal wees in 'n blote verandering van die naam van die huidige stelsel, sonder dat daar ook 'n suiwering vanuit die fondamente plaasvind nie. Slegs deur radikale veranderings sal 'n algehele volksherskepping teweeggebring kan word. M.a.w. die Afrikanervolk moet hom voorberei op 'n algehele vernuwing op staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en ook geestelike gebied. Aan hierdie voorbereidingswerk wil die Ossewabrandwag sy deel bydra.

Die Ossewabrandwag is die vrug van die geweldige volksontwaking wat die Afrikanerdom in die Eeufeesjaar ondergaan het, toe die Afrikaner weer in aanraking gekom het met die ideale wat sy voorouers gekoester het, die lewensbeskouing wat hulle gehuldig en die krag wat hulle laat seëvier het. Daarom het die Ossewabrandwag geword die draer van die volk se lewensbeskouing en juis daarom die uitdrukking van die volk se rigting en toekoms. Gelukkig vir die Afrikanerdom, kry hierdie ontwaking toe 'n verdere dryfkrag deur die besieling wat daar terselfdertyd van volksontwakings in ander lande uitgegaan het.

#### EIE STANDPUNT

Met die volksontwaking het die Afrikanerdom weer tot 'n besef gekom van die krag en besieling van sy eie Christelik-nasionale of Calvinistiese lewensbeskouing, wat ons kan terugvoer tot ons vroegste voorgeslagte en waaruit ons volkskarakter tot vastigheid gegroei het. **Gevolglik is besef dat as uitgangspunt en rigsnoer vir die Afrikaanse volksbeweging moet dien die eie Christelik-nasionale lewensbeskouing, maar dan in aansluiting by die wêreldhervorming wat aan die gang is.** Hieruit vloei voort dat die Ossewabrandwag die volgende definitiewe standpunt ten opsigte van ons volksvraagstukke inneem:

1. Teenoor die volksverdelende invloede van die liberalisme handhaaf die Ossewabrandwag 'n lewenskragtige volkseenheid. **Die Christelik-nasionale gedagte snoer as 'n bindende krag ons volkslewe saam tot 'n lewende organiese volksgemeenskap.** Die volk is 'n lewende eenheid want dit anker in dieselfde vaderlandsbodem, spruit uit een bloed en beweeg tot een bestemming. Die gesonde voortbestaan van die volk is die bepalende faktor en as die eie- of groepsbelang in botsing kom met die volksbelang dan moet dit daaraan ondergeskik gestel word, m.a.w. volksbelang gaan voor eie-belang. Die kragte van ál die volkslede word saamgegooi tot die bevordering van die gemeenskaplike belang. **Daarom wil die Ossewabrandwag as volksbeweging ons hele volk saamtrek onder één gesag, wat berus op die Goddelike regswet as hoogste gesag en gehandhaaf word deur 'n kragtige volksleiding wat die volk met verantwoordelikheid en regverdigheid orden en dien. Op elke volkslid rus die plig om daardie gesag te gehoorsaam en daarmee saam te werk.**

2. Uit hierdie organiese volksbegrip spruit ook vir elke Afrikaner die verpligting voort om hom te beskou as sy mede-Afrikaner se wagter. As 'n mede-Afrikaner deur gevare bedreig word, is dit ons plig om hom te hulp te snel, nie net om sy ontwil nie maar ook om ons s'n, want ons is skakels in dieselfde organiese volksketting en ons sterk die een die ander. Gaan ons mede-Afrikaner onder dan sal ons lot ook nie anders wees nie, **want as organiese volk vorm ons ook 'n lotsgemeenskap.**

**Daarom gaan die Ossewabrandwag uit van die standpunt dat toekomstige geslagte nie gesond na siel en liggaam kan wees as groot groepe volksgenote vandag aan armoede en ellende oorgelaat word terwyl andere in weelde leef nie. Elke volksgenoot is geregtig op 'n menswaardige welstand en dus beskou die Ossewabrandwag dit as sy plig om 'n meer eweredige verdeling van die volksinkome te bewerkstellig en om te sorg dat al die produktiewe kragte en natuurlike hulpbronne van die land tot voordeel van die volk as geheel aangewend word. Die geldmag moet onskadelik gemaak word sodat die geldwese in diens van die volk sal staan en nie die volk in diens van die geldmag, soos tans die geval is nie.**

#### HUISGESIN

3. Terwyl die Ossewabrandwag glo in die organiese eenheid van ons volk, erken en aanvaar hy ook die Afrikaanse huisgesin as 'n hegte organiese eenheid, gegrondves op die heilige instelling van die huwelik. Aangesien die Afrikaanse huisgesin ook die grondslag van ons volksbestaan vorm, **word dit as die plig van die staat beskou om die huisgesin te beskerm en die vorming van gesonde huisgesinne aan te moedig.** Vir die herskepping van ons volk is dit dus nodig dat die huisgesin allereers herskep sal word sodat dit selfstandig kan wees, 'n menswaardige welstandspeil kan bereik en handhaaf, en die organiese volksgeheel in stoflike en geestelike opsig kan bewaar.

4. Die Afrikaanse bodem is die grond waarin die Afrikanervolk wortel en waarop hy sy Godgestelde roeping moet vervul. Daarom is dit die dure plig van elke volksgenoot om sy vaderlandsbodem te bewaar en moet dit sy strewe wees om dit in 'n beter toestand na te laat as waarin hy dit gevind het. Onder geen omstandighede mag die volksbodem vir private winsbejag uitgebuit word nie. Dit is dus 'n ere-saak vir elke Brandwag dat die verwoesting van ons vaderlandsbodem deur verspoeling, oorbeweiding, uitputting van die grondvrugbaarheid en vernietiging van die plantelewe nie langer geduld sal word nie. Diegene wat nie vir 'n lewensbestaan aan die grond arbei nie, moet deur middel van landsdiens hul deel bydra tot die bewaring van die volksbodem.

5. Uit die organiese volksbegrip vloei verder die verpligting vir elke arbeidsrype en arbeidsgeskikte volkslid voort om diens te verrig in belang van die volksgeheel. Sonder pligte kan ons geen regte hê nie. **Dit is sy gesonde arbeidskrag, en nie die hoeveelheid goud en edelgesteentes nie, wat die werklike rykdom van 'n volk uitmaak.** Elke Brandwag moet dus besef dat dit slegs langs die weg van die arbeid, die offer en die volharding is dat ons volk sy ryke erfenis kan tegemoet gaan. Alleen deur die arbeid kan die mens waaragtige adel verwerf, kan die gesin selfstandig gemaak word en kan die volk tot werklike grootheid gebring word.

#### DIE BUITELAND

6. Wat ons verhouding tot die buiteland betref, gaan die Ossewabrandwag van die standpunt uit dat 'n volk se buitelandse beleid die toepassing na buite moet wees van die ideale wat hy na binne koester. Sy buitelandse betrekkings mag nie op opportunistiese dagbelange gerig wees nie. Daarom sê die Ossewabrandwag dat die Republiek van die Afrikanerdom vriendskaplike betrekkinge met alle volke moet handhaaf, maar dat veral saamgewerk moet word met dié volke wat 'n ooreenkomstige strewe aanvaar en erken, want soort soek soort, buitelands sowel as binnelands.

Om op te som: Dit is die oortuiging van die Ossewabrandwag dat hierdie ideale van 'n lewenskragtige volkseenheid, handhawing van die Afrikaner se rassuiwerheid, versekering van 'n menswaardige welstand vir elke volksgenoot, uitlewing van die gesindheid van „ek is my broer, my mede-Afrikaner se wagter", bevordering van 'n gesonde gesinslewe, bewaring van ons vaderlandsbodem, aanmoediging van gesonde arbeidsverrigting in diens van die volk en die handhawing van 'n besliste en standhoudende buitelandse beleid, alleen verwesenlik kan word binne 'n Christelik-nasionale Republikeinse Gesagstaat, aan die hoof waarvan sal staan 'n verantwoordelike owerheidsgesag wat deur die verteenwoordigende volksbeweging in die gesagsposisie geplaas en steeds daardeur bekragtig word.

Die vorming, handhawing en uitbouing van hierdie Afrikaanse Volkstaat is die doel en taak van die Ossewabrandwag as volksbeweging. Hierby staan of val elke Brandwag. Ons ken geen kompromie nie; slegs stryd tot die oorwinning!

## STORIE OOR GENL. SMITH

Die storie word glo nou deur die Party versprei as sou genl. J. A. Smith, A.K.G., besig wees om na die Party oor te loop. Hierdie storie word geknoop aan die brief van 'n sekere mnr. Burger onlangs in Die Burger waarin hy van genl. Smith se „terugkeer tot die Nasionale **Pers**" praat na aanleiding van genl. Smith se oproep in Die Burger in verband met die doodvonnis op Visser en Van Blerk. Hierdie briefskrywer was meer begaan oor die politieke propaganda wat hy kon slaan uit die oproep van genl. Smith insake die doodvonnis as oor die lewens van die twee jong manne. Vandaar sy sarkastiese aanmerkings op genl. Smith omdat laasgenoemde van die dagbladpers gebruik gemaak het om 'n dringende oproep onder die aandag van die volk te bring. Indien genl. Smith nie die oproep gedoen het nie, sou hierdie selfde briefskrywer waarskynlik 'n brief geskryf het om genl. Smith te verwyt dat hy nie opgetree het in belang van die twee veroordeeldes nie! 'n Politikus en 'n spinnekop het dit gemeen dat albei in staat is om uit enige blom net gif te suig.

## VRAESTELLER GEÏNTERNEER

Mnr. A. B. le Roux, prinsipaal van 'n skool in Bellville, is onlangs geïnterneer. Dit het toevallig gebeur dat hy die persoon is wat 'n tydjie gelede aan 'n sekere H.N.P.-organiseerder op 'n vergadering vrae gestel het, en aan wie die H.N.P.-man toe gesê het: „Toemaar, ek weet waar jy werk!"

## *SKRIFOORDENKING*

(DEUR 'N DOMINEE.)

Toe sê Pilatus vir hulle: Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?—Markus 15: 9.

As ons hierdie geskiedenis oppervlakkig lees, sou ons geneig wees om 'n hoë dunk van Pilatus te kry. Teenoor die Jode wat aandring dat Jesus gekruisig moet word, probeer Pilatus op allerlei maniere om Hom los te kry. Die Jode openbaar hulle hier in hulle hardvogtigheid en wreedheid, terwyl Pilatus hom laat ken as 'n man wat nog 'n barmhartigheidsgevoel het.

Hierdie beskouing oor Pilatus is foutief want van Pilatus, die regter, word nie in die eerste plaas barmhartigheid gevra nie, maar reg. En waar dit om reg en geregtigheid gaan het Pilatus tekortgeskiet. As hy reg wou laat geskied het, sou hy Jesus losgelaat het, want hy het Hom onskuldig bevind en verklaar. Maar Pilatus het die reg verknoei en nou probeer hy die onreg te vergoed met barmhartigheid. Barmhartigheid moet dus hier die plek vervang van geregtigheid en reg. **God wil dat ons barmhartig sal wees, maar barmhartigheid kan nooit die plek van reg vervang nie.** Om iemand onreg aan te doen, en dan by wyse van vergoeding 'n paar aalmoese toe te werp is 'n sonde voor God. Dis onreg wat die masker van barmhartigheid aan het.

Ons volk ken hierdie Pilatus-barmhartigheid goed. Daar word baie gespreek van die seëninge van die Britse ryk, wat ons ontvang het. Daar word gewys op wat die Britse Empire alles vir ons gedoen het, en watter voordele ons deur die Britse konneksie behaal het. Die land is opgebou; dit het florerende en bloeiende bedrywe, ens., ens. Die Brit wys op hierdie weldade en aalmoese wat hulle ons toegewerp het, en wil ons, en hulself en die wêreld wysmaak dat hulle die groot barmhartige weldoeners van die klein nasies is. Dit is 'n Pilatus-gehuigel. Hulle probeer die skandelike onreg wat hulle ons aangedoen het, verberg agter die masker van barmhartigheid, en hulle wil hulself en God so 'n rad voor die oë draai.

**Ons vra nie van die Brit aalmoese nie — ons vra reg en geregtigheid. Ons wil nie hierdie sg. weldade hê nie, ons wil hê dat hulle sal reg maak waar hulle verknoei het.**

En laat die Britse volk dit weet: Hulle mag hulself en baie mense mislei deur te poseer as weldoeners van die klein nasies; God laat Hom egter nie 'n rad voor die oë draai nie; Hy sal hulle oordeel na reg.

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkooptse manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.............................

Naam:.............................

Adres.............................

(O.B. 2 Sept. 1942). .............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

Voortrekkergebou 318, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

Ondersteun ons Adverteerders.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

Die Volk se Bank.

*Fondse oorskry £2,000,000*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, KAAPSTAD.

STELLENBOSCH

Ons eerste uitbreiding na die platteland vertrou ons aan u sorg toe.
Om nou so 'n onderneming te pak, vereis moed, maar ons het baie daarvan.
ONDERSTEUN ONS —
— *ONDERSTEUN 'N AFRIKANERSAAK*

(HOU ADVERTENSIES DOP VIR OPENINGSDATUM)
SO NA AS MOONTLIK 1 SEPTEMBER 1942

*DIE VOORTREKKER-APTEEK*

DE BEER BROERS — EIENAARS

KAAPSTAD en BLOEMFONTEIN

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 236.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaartjie tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

DAMES-ROKKE

besoek

Steyns

PAROW SE NUWE MODERNE SAAK

KTK Die Afrikaner se Koffiehuis

Foon 3-0520 Wandelgang

Groote Kerkgebou KAAPSTAD

Smaaklike Braaigeregte Saans.

Onthaal u vriende in die Koffiehuis.

RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

DIE MODERNEWINKEL

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## NA TWINTIG JAAR

In sy rubriek ,,Twintig Jaar Gelede'' haal Die Burger van 12 Augustus aan uit wat in Die Burger 20 jaar gelede gestaan het insake die doodvonnis op Stassen, wat deur 'n spesiale hof ter dood veroordeel is tydens die Staking-onluste. Op daardie dag het Die Burger as volg geskryf, aldus Die Burger van 12 Aug.: ,,De Volkstem is heeltemal tevrede dat die mense gestraf moet word **en kom weer met die ou storie van die Nasionaliste wat die mense sou opgesteek het.''**

Destyds was die **Nasionaliste** beskuldig dat hulle mense tot geweld aanspoor. Vandag beskuldig Die Burger en baie Nasionaliste weer die **Ossewabrandwag** dat hy mense aanhits tot geweldpleging.

**Dit toon baie duidelik wie die vryheidsfakkel geërf het waarvan dr. Malan onlangs melding gemaak het, die fakkel, naamlik, wat deur die ou Nasionale Party gedra was: die organisasie wat ook die beskuldigings geërf het.**

## DEUR O.B.-GEES BESIEL

Uit Malmesbury word berig dat die fees van 8 Augustus daar ook 'n groot sukses was en besielend deurgewerk het. Die ywer van die mense was wonderlik. Die voorbeeld word genoem van een persoon, brandwag G. Theron, wat voorheen nie lid van die beweging was nie, maar wat as gevolg van die skoon en doelbewuste wyse waarop die O.B. hom teen die aanvalle van partypolitici weer, so onder die indruk van die nuwe gees gekom het, dat hy aangesluit het. Vir 8 Augustus het hy 'n besonder mooi hout-skinkbord aan die O.B. geskenk wat vir £7 verkoop is.

## DANKBETUIGING


Mev. A. S. de Villiers van Fouriesburg, moeder van A.K.G. C. L. de Jager wat tans in die interneringskamp verkeer, het haar dank betuig aan al die Vroue-kommando's vir die briewe van meegevoel wat sy ontvang het in verband met haar seun se gevangeneming. Sy verklaar dat dit 'n soet druppel in haar bittere kelk was en sluit met die woorde van die digter:

,,Klein Afrikanerhärte voel hier sterk en groot
Want besieling vloei uit lye — lewe uit die dood.''

## VERWARDE VOLKSLEIDING

Op dieselfde verhoog waarop dr. Malan aan sy gehoor verduidelik dat Duitsland op **sy** versoek verklaar het **dat Duitsland ons ons vryheid sal gee,** doen genl. Kemp die volgende bewering: **,,Hulle verwag die republiek as 'n geskenk. Het hulle al ooit gesien dat grootmoondhede geskenke aan klein volkies gee?''**

Om misverstand te voorkom, moet ons aanstip dat die ,,hulle'' waarvan genl. Kemp praat, bedoel was om die Ossewabrandwag voor te stel, en nie dr. Malan-,,hulle'' nie!



● Vanaf Kaapland, tot ver in die Noorde, tot anderkant die Vaal, is hierdie Fakkel gedra deur duisende jong hande.

Deur storm en wind, deur reën en hetige son — van hand tot hand aangegee — soos dit ook aangegee sal word van geslag tot geslag.

So sal ook alle Afrikanerprodukte van hand tot hand — van man tot man aangegee word in hul Vaderland — Omdat hulle gemaak is deur Afrikanerhande — en Omdat 'n Man gemeet word aan sy dade en nie aan sy woorde alleen nie.

● Geplaas in belang van die huidige en komende Afrikaanse Nywerhede deur die Fabrikante van ,,PATRIOT.''

Patriot

VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (EDMS) BEPERK,
Kommissarisstraat 200, JOHANNESBURG.

